SOUTH AFRICAN DIAMOND PRODUCERS ORGANISATION
SUID-AFRIKAANSE DIAMANTPRODUSENTEORGANISASIE

03 / 2016

NUUSBRIEF

SADPO Hofsaak:

Ons is in afwagting van die Regter se Uitspraak en vertrou dat ons die nuus met u kan deel tydens die Algemene Jaarvergadering. Die gevoel hieromtrent is egter positief.

Kort Kursus:

Die Universiteit van Pretoria bied ‘n kort kursus aan oor diamante se primêre en sekondêre bronne. Dit word aangebied vanaf 18 – 21 Oktober 2016, wat ‘n besoek aan die Cullinan Myn insluit. SADPO wil graag ‘n produsent borg om hierdie wonderlike kursus by te woon. Indien u belangstel, of iemand graag wil nomineer, kontak asseblief die sekretaris, Lynette Kruger, vir meer inligting voor / op 3 Augustus 2016. Die Nasionale Komitee sal dan besluit wie geborg kan word.

SADPO Algemene Jaarvergadering:

Ons herinner u aan ons Algemene Jaarvergadering wat plaasvind in die 2 streke. Wolmaransstad se vergadering vind plaas by Dalrene Lodge op 21 Julie 2016 om 14:00 en Kimberley se vergadering is by Horse Shoe Inn op 22 Julie 2016 om 14:00. Alle lede is welkom!

Lesedi la Rona, ‘n 1, 109 karaat ongeslypte diamant wat tydens ‘n onlangse veiling in London nie verkoop is nie. Dit is die wêreld se grootste ongeslypte diamante.

Regulator:

In ons vorige Nuusbrief het ons genoem dat ons in afwagting is vir ‘n afspraak met die Regulator. Hulle het ons in kennis gestel dat hulle werkslading tans van so ‘n aard is dat hulle ons nie kan akkommodeer nie. Hulle sal wel op ‘n latere stadium met ons in gesprek tree.

Mynveiligheid:

DMR Noordwes se Hoof Inspekteur het produsente gemaan om seker te maak dat hul werkers die korrekte PPE's het wat hulle beskerm teen die winter koue. Vure wat gemaak word deur werknemers wat koud kry, is 'n potensiële risiko en daar is reeds sterftes aangemeld. U as produsente moet asseblief verseker dat u werknemers oor die korrekte PPE's beskik.

Volgens Regulasie 17(7), 17(8), 17(9) & 17(10) van die Wet op Mynveiligheid en Gesondheid, 1996 mag daar nie stukture binne 100m vanaf ondergrondse mynboubedrywighede of 100m vanaf 'n beskermde struktuur gebou word nie. U moet seker maak dat u risiko analise in plek is en voorsiening hiervoor maak.

Volgens statistieke is daar in die hele mynbou sektor alreeds 37 sterftes van werknemers vir 2016 aangemeld. Daar was ook onlangs 'n noodlottige ongeluk op 'n delwery in die Noord - Kaap. Veiligheid van werknemers is vir SADPO 'n prioriteit en ons versoek ons lede om alles moontlik te doen om aan die vereistes van die relevante wette te voldoen.

Nasionale Komiteelede: Gert van Niekerk (Voorsitter), Jaap van Heerden (Onder-Voorsitter), Pieter Keeve (Tesourier), Amos Davids, HF Cilliers, Anton Jacobs, Johan Keyser, Jannie Lombard, Willie Marx, Lukas Steyn, Ben van der Pos
Tenderhuise: CS Diamonds, NDM

Webtuiste: http://sadpo.co.za/ Lynette Kruger (Sekretaris) 071 8899 850
E-pos adres: info@sadpo.co.za Faks no: 086 663 5737

Neem 'n oomblik en kyk na hierdie twee oop hande van jou. Hulle is gereedskap waarmee jy kan dien, vriende maak en uitreik na die beste in die lewe. Oop hande maak die pad oop na sukses. Sit hulle vandag aan die werk!

-Wilfred A. Patterson